# SKOENE VAN VREDE: Vrae

***Vraag 1***: Skoene is nie eintlik deel van 'n soldaat se 'gevegs-toerusting' soos die helm, gordel, borsharnas, skild en swaard nie. Hoekom dink JULLE is die skoene dan deel van die wapenrusting, **m.a.w watter doel dien die skoene as deel van 'n soldaat se toerusting?**

***Vraag2***: **WAT is die evangelie van vrede**?
Ef 6: (15) en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete

***Vraag 3***: **Wat het die evangelie van vrede met skoene te doen**?
Gebruik die volgende teksverse om julle te help.

Rom 10:14-15 "Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie/ En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? 15. En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: "Hoe wonderlik klink die voetstappe van die wat die goeie boodskap bring"

***Vraag 4***: **Hoe help ons geestelike skoene ons om vas te staan teen die vyand**?
Gebruik die volgende teksverse om julle te help.

Joh 14:27 "Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie"

Lukas 10:19-20 "Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen. 20. En tog moet julle nie bly wees net omdat die geeste hulle aan julle onderwerp nie, maar wees veral bly omdat julle name in die hemel opgeskryf nie"

***Vraag 5*: HOEKOM word dit 'n evangelie van vrede genoem**?
Gebruik die volgende teksverse om julle te help

Jes 9:5-6: "Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee: Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. 6. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal die koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg"